

SA Solar (Edms) Bpk ('SA Solar') is in 2010 in Durban gestig. SA Solar se inkomste is uitsluitlik afkomstig uit die vervaardiging van sonpanele. SA Solar word 100% deur mnr Phumlani Motswedi, 'n uiters suksesvolle Suid-Afrikaanse sakeman, besit. Phumlani is binne gemeenskap van goedere getroud met mev. Precious Motswedi. Phumlani en Precious het 'n dogter genaamd Mwanawa, en hulle is almal Suid-Afrikaanse belastinginwoners.

## 1 Agtergrond van SA Solar

SA Solar is 'n pionier in die vervaardiging van sonpanele in Suid-Afrika. Hierdie sonpanele is die doeltreffendste metode vir die opwekking van elektriese krag met behulp van sonselle. Sonselle lewer elektrisiteit uit sonlig aan kragtoerusting of herlaaibare batterye.

SA Solar se kliënte is hoofsaaklik groot groothandelkettings asook 'n aantal klein groothandelaars in Suid-Afrika. SA Solar se belangrikste mededinging kom van sonpaneelprodusente in Europa en China. Ten spyne van SA Solar se kostevoordeel – verkry deur laer vervoer- en versekeringskoste – kan die Europese en Chinese verskaffers op die plaaslike mark meeding vanweë hul laer produksiekoste wat uit skaalbesparings voortspruit. Daar is ook 'n persepsie onder die Suid-Afrikaanse publiek dat die ingevoerde sonpanele van 'n hoër gehalte is.

SA Solar vervaardig sy sonpanele deur van die onderstaande prosesse gebruik te maak:

- Sonselle: Elke sonpaneel bestaan uit 72 sonselle wat met bedrading aanmekaar verbind is. Die ingevoerde sonselle is uiters breekbaar en moet met groot sorg hanteer word terwyl dit vervoer en in die vervaardiging van sonpanele gebruik word.
- Laminering en raamwerk: 'n Vel met gom bedek word aan die voor- en agterkante van die bedrade sonselle aangebring. 'n Laag songlas word bo-op (die deel van die sonpaneel wat na die son toe sal wys) en 'n plastiekfilm (PVF) aan die agterkant aangebring. 'n Lamineringsmasjien verhit die velle wat met gom bedek is sodat hulle smelt en die glas, sonselle en PVF saam 'vasgom' en die sonpaneel verseël. 'n Aluminiumraam wat dit moontlik maak om die sonpaneel te monteer, word rondom die paneel aangebring. Laastens word 'n aansluitkas (Eng.: 'junction box'), wat panele met mekaar en/of met ander elektriese stroombane verbind, aan die sonpaneel gekoppel.

Die bedrading van die sonselle en die laminering van die sonpanele is geautomatisieer, alhoewel masjiénoperateurs die masjiene beheer. Die aluminiumrame en aansluitkaste word met die hand geïnstalleer.

- Toetsing en gehaltebeheer: Nadat die sonpanele geraam is en die aansluitkaste gekoppel is, voer 'n gekwalifiseerde elektrisién 'n reeks streng gehaltebeheertoetse op die sonpanele uit voordat dit vir verkoop en verspreiding goedgekeur word.

SA Solar is 'n Kategorie B belasting op toegevoegde waarde (BTW) -ondernemer. SA Solar het 'n Februarie jaareinde. Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) beskou die vervaardiging van sonpanele as 'n vervaardigingsproses. SA Solar het sy belastingsake sedert inkorporasie beplan ten einde sy belastingaanspreeklikheid so laag as moontlik te hou.

## **2 Standaardkostestelsel (alle bedrae in deel 2 verstrek sluit BTW uit)**

SA Solar bedryf 'n veranderlike standaardkostestelsel. Die onderstaande standaarde is, onder ander, vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018 (FJ2018) vasgestel:

- 2.1 'n Standaard verkoopprys van R1 600 per sonpaneel is vasgestel gebaseer op begrote verkope van 11 125 sonpanele.
- 2.2 Elke sonpaneel benodig 72 sonselle. Aangesien die selle egter so breekbaar is, word daar vir 'n normale verlies van drie selle per sonpaneel begroot. Gebaseer op 'n verwagte wisselkoers van die Chinese joean renminbi (CNY) tot die Suid-Afrikaanse rand (ZAR) van CNY1 : ZAR2, is die standaardkoste op R5 per sonsel vasgestel.
- 2.3 Elke sonpaneel benodig  $2,5m^2$  songlas teen 'n totale standaardkoste van R150 per paneel en  $2,5m^2$  PVF teen 'n totale standaardkoste van R300 per paneel.
- 2.4 Die standaardkoste van ander direkte grondstowwe, met inbegrip van die bedrading, aansluitkas, velle wat met gom bedek is en aluminiumraam, was R160 per sonpaneel.
- 2.5 Begrote vaste vervaardigingsbokoste was R1 150 000. Die standaard veranderlike vervaardigingsbokoste per sonpaneel was R100. Vaste vervaardigingsbokoste sluit waardevermindering op masjinerie en die salarisje van die masjenoperateurs en elektrisiën in.
- 2.6 Daar is nie begroot vir enige verliese wat uit die inspeksie en gehaltebeheertoetse mag voortspruit nie.

SA Solar se bestuursrekenmeester het die onderstaande inligting ingesamel om met die voorbereiding van die jaarlikse afwykingsverslag te help:

- (a) Totale inkomste vir FJ2018 was R18 760 000. Verkope is verhoog bo die begrote 11 125 sonpanele toe SA Solar 'n tender gewen het waarvoor hulle nie begroot het nie. Die tender het vereis dat 500 sonpanele vir 'n sonplaasinstallasie op die dak van 'n groot winkelsentrum in Johannesburg gelewer word. Die lewering van die panele het in November 2017 begin en is gedurende Januarie 2018 afgehandel. Ten einde te verseker dat die tender nie enige impak op bestaande begrote verkoopvolumes sou hê nie, is 'n totaal van R75 000, waarvoor nie begroot was nie, vir oortyd aan die masjenoperateurs en elektrisiën betaal. SA Solar het voldoende spaar masjenkapasiteit gehad om aan die tender te voldoen.
- (b) SA Solar het in Februarie 2018 na 'n nuwe verskaffer van PVF oorgeskakel wie se prys 5% laer was as dié van die verskaffer wat hulle tevore gebruik het. 'n Totaal van  $2 350 m^2$  PVF is van die nuwe verskaffer aangekoop en in Februarie 2018 in produksie gebruik. Dit het egter geblyk dat die nuwe PVF van 'n swakker gehalte was, en gevolglik is 100 sonpanele in die gehaltebeheertoetse afgekeur en moes geskrap word.
- (c) 'n Totaal van 875 550 sonselle is teen 'n gemiddelde prys van R5,62 elk aangekoop en gebruik.
- (d) 11 825 sonpanele (wat die 100 sonpanele wat geskrap is, insluit) is gedurende FJ2018 vervaardig.
- (e) Daar was geen prysverhogings vir enige van die ander direkte grondstowwe nie.

Afgesien van die afwykings wat spruit uit die inligting wat deur die bestuursrekenmeester ingesamel is, het geen ander afwykings gedurende FJ2018 ontstaan nie. Daar was geen beginvoorraad grondstowwe of voltooide produkte aan die begin van FJ2018 voorhande nie.

### 3 SA Solar se toekomsplanne

In die lig van SA Solar se sukses met die sonplaasinstallering vir die winkelsentrum, beplan die maatskappy om gedurende FJ2019 na die kleinhandelsegment uit te brei. SA Solar verwag dat die bykomende vraag wat deur hierdie uitbreiding geskep sal word, die maatskappy in staat sal stel om die finansiële vermoë te hê om in sy eie sonselvervaardigingsvermoë te belê eerder as om sonselle in te voer. SA Solar het gevvolglik in nuwe masjinerie belê om sy eie sonselle te vervaardig.

SA Solar voorsien dat die maatskappy waarskynlik 'n aantal bestaande verhoudings met kleiner groothandelaars sal moet beëindig om in die verwagte vraag te kan voorsien.

SA Solar se bestuursrekenmeester het aangevoer dat, om te verseker dat 'n ware koste verkry word, absorpsiekosteberekening gebruik moet word om die verkoopprys waarteen die sonpanele aan die kleinhandelsegment bekend gestel moet word, te bepaal. Die bestuursrekenmeester het daarom die onderstaande standaardkosteskedule voorberei om met bepaling van die verkoopprys te help:

Standaardkosteskedule		
	Aant.	R per sonpaneel
Sonselle	3.1	375
Songlas	3.1	150
PVF	3.1	300
Ander grondstowwe	3.1	160
Veranderlike vervaardigingsbokoste	3.1	100
Vaste vervaardigingsbokoste	3.1, 3.2	102
Min: Staatsubsidie	3.3	(250)
Totale koste per sonpaneel		937

#### Aantekeninge

- 3.1 Hierdie koste is dieselfde as die FJ2018 standaardkoste.
- 3.2 Die toedeling van die vaste vervaardigingsbokoste is gebaseer op FJ2018 masjienure.
- 3.3 SA Solar wil graag voordeel trek uit die staatsubsidies wat betaal word ter aanmoediging van skoon energieskemas soos sonkrag. Om te kwalifiseer vir die subsidies, moet organisasies 'n vlak II of beter B-GSEB-gradering (Eng.: 'B-BBEE rating') hê. SA Solar beskik nie tans oor die vereiste gradering nie, maar Phumlani het wel 'n kontak in die Ministerie van Energie. Hy is vol vertroue dat, met behulp van hierdie kontak, die B-GSEB-graderingsvereiste nie toegepas sal word nie.

#### **4 Inligting met betrekking tot die jaar van aanslag geëindig 28 Februarie 2018**

SA Solar verdien sy inkomste slegs uit sy vervaardigingsaktiwiteite en verdien geen beleggingsinkomste nie. Die belasbare inkomste voor inagneming van die onderstaande transaksies, het R1 222 759 beloop:

- 4.1 Handelsvoorraad is op 23 Februarie 2018 op krediet aan 'n kliënt, The Power Store BK ('The Power Store'), verkoop. Die verkoop van hierdie handelsvoorraad, ten bedrae van R160 000, is nie by die belasbare inkomste van R1 222 759 hierbo ingesluit nie. Die handelsvoorraad is op dieselfde datum afgelewer, maar word steeds by die waarde van die eindvoorraad ingesluit. The Power Store het, in afwagting van hierdie aankoop, aansoek gedoen om 'n lening by Investor Bank om die koop te finansier. Die verkoopooreenkoms het voorsiening gemaak vir normale kredietterugbetalingsvoorwaardes, naamlik 30 dae om te betaal. Die verkoopooreenkoms het die onderstaande klousule bevat:

*Hierdie ooreenkoms is onderhewig aan, en op die voorwaarde dat, die koper binne tien (10) dae vanaf die datum van ondertekening, 'n afskrif van die finansierings-goedkeuring deur die koper se bankier aan die verkoper sal verskaf.*

Investor Bank het The Power Store se aansoek om finansiering van hierdie aankoop op 1 Maart 2018 goedgekeur. The Power Store het die nodige finansierings- goedkeuring binne die gestipuleerde tydperk in ooreenstemming met die verkoopooreenkoms aan SA Solar verstrek.

- 4.2 Twee outomatiiese lamineermasjiene is op 16 Maart 2014 nuut en ongebruik vanaf Current Automation (Edms) Bpk ('Current Automation'), 'n onafhanklike plaaslike verskaffer, verkry. Die masjiene het R499 999 (BTW uitgesluit) elk gekos, ná inagneming van 'n 50%-korting. SA Solar het een van die masjiene (masjien 1) onmiddellik vir die vervaardiging van sonpanele in gebruik geneem, en die ander masjien (masjien 2) is voorhande gehou.

Eskom het gedurende Desember 2016 met beurtkrag begin, wat 'n groot vraag na sonpanele laat ontstaan het. Gevolglik is masjien 2 ook op 1 Maart 2017 in gebruik gestel. Aangesien masjien 2 die aanvraag goed hanteer het, het SA Solar masjien 1 op 17 Julie 2017 teen R749 999 (BTW uitgesluit) aan ARTSolar (Edms) Bpk, 'n onafhanklike plaaslike vervaardiger, verkoop.

- 4.3 Die volle opbrengs ontvang uit die verkoop van masjien 1 is op 1 Augustus 2017 gebruik om die aankoop van 'n nuwe aluminium snymasjien teen 'n koste van R900 000 (BTW uitgesluit) te befonds, aangesien die masjien wat op daardie stadium in gebruik was, mettertyd vervang sou moes word. Aangesien die bestaande masjien egter steeds teen 28 Februarie 2018 in gebruik was, het SA Solar nog nie die nuwe masjien in gebruik geneem nie.
- 4.4 SA Solar het op 9 Augustus 2017 'n tweedehandse outomatiiese lamineringsmasjien vir R250 000 (BTW uitgesluit) vanaf Current Automation verkry.
- 4.5 Die onderstaande transaksies is in verband met betaling vir dienste aangegaan:

Betaling vir dienste	R (BTW uitgesluit)
Versekeringspremie op 1 Februarie 2018 betaal, wat verband hou met versekeringsdekking vir die tydperk 1 Februarie 2018 tot 31 Augustus 2018	79 512
Instandhoudingskontrak vir masjinerie op 20 Februarie 2018 betaal vir dienste wat gedurende die tydperk 1 Maart 2018 tot 28 Februarie 2019 gelewer sal word	98 319

4.6 'n Besending handelsvoorraad bestaande uit sonselle met 'n waarde van CNY100 000 is vanaf Asia Solar in China ingevoer. Die bestelling is op 9 Februarie 2018 geplaas, die produkte is tydens verskeping op 9 Februarie 2018 vry-aan-boord gelaai, het in Suid-Afrika aangekom en is deur Doeane geklaar op 19 Maart 2018. Invoerregte wat met klaring bereken en betaal is, het R23 967 beloop. Geen betalings is teen jaareinde aan Asia Solar gemaak nie.

Die wisselkoerse op die betrokke datums was soos volg:

Datum	Wisselkoers
9 Februarie 2018	CNY1 = ZAR2,50
28 Februarie 2018	CNY1 = ZAR2,28
19 Maart 2018	CNY1 = ZAR2,01
Gemiddeld vir die 2018 jaar van aanslag	CNY1 = ZAR2,25

4.7 Bemarkings- en onthaalonkoste sluit die onderstaande twee betalings in:

- 'n Betaling van R248 663 (BTW uitgesluit). Dit hou verband met die Motswedigesin se vakansie na Dubai gedurende Desember 2017.
- 'n Kontantbetaling van R100 000 is direk aan die voorsitter van die tender-komitee van die uMgungundlovu Distriksmunisipaliteit (uMDM) gemaak. Phumlani is 'n skoolvriend van die voorsitter. 'n Tender van R2 miljoen vir die lewering van sonpanele aan die uMDM is kort nadat die betaling geprosesseer is aan SA Solar toegeken.

Phumlani en SA Solar se belastingpraktisy het, na beraadslaging, ooreengekom om alle aftrekkings wat ten opsigte van bemarkings- en onthaalonkoste verwerk is, te eis wanneer die 2018-belastingopgawe ingedien word. Die belastingpraktisy is 'n geregistreerde belastingpraktisy by die SAID en ook 'n lid van die Prokureursorde van Suid-Afrika.

4.8 Die onderstaande bonusse, kommissie aan die verkoopspan, en oortydbetalings, het aan sommige van SA Solar se werknemers toegeval. Hierdie bedrae is in Maart vir sowel die 2017 as die 2018 jare van aanslag betaal:

	2018	2017
	R	R
Toevallings ten opsigte van bonusse, kommissie aan die verkoopspan en oortydbetalings	189 221	155 915

4.9 'n Kontantskenking van R250 000 is op 1 Junie 2017 aan die Hope Factory, 'n artikel 18A-goedgekeurde SAID openbarevoordeel-organisasie, gemaak.

## 5 Bykomende inligting in verband met die 2018 jaar van aanslag van Phumlani en Precious

Phumlani het gedurende die 2018 jaar van aanslag 'n maandelikse kontantsalaris van R150 000 vanaf SA Solar ontvang. Phumlani het die onderstaande bydraes per maand gemaak:

<b>Maandelikse bydraes</b>	<b>2018</b>
	<b>R</b>
Medieseskemafooie: 50% van die fooie	1 500
SA Solar se voorsorgfonds: 7,5% van sy kontantsalaris van R150 000	11 250

Daarbenewens het SA Solar die onderstaande maandelikse bydraes tot Phumlani se vergoeding gemaak:

- 50% tot medieseskemafooie; en
- 10% van sy kontantsalaris van R150 000 tot die voorsorgfonds.

SA Solar het op 1 Maart 2017 'n lening ten bedrae van R2 039 508 aan Phumlani verskaf. Die lening is in sy hoedanigheid as 'n aandeelhouer aan Phumlani toegestaan. Die lening dra geen rente nie en het geen terugbetalingsvooraardes nie. Die lening het deur die jaar van aanslag konstant gebly.

SAID se amptelike rentekoerse:

<b>Datum vanaf</b>	<b>Datum tot</b>	<b>Koers</b>
01.04.2016	31.07.2017	8,00%
01.08.2017	31.03.2018	7,75%

Phumlani besit 'n residensiële woonstel in Sandton wat hy op 1 Maart 2008 teen R1 500 000 verkry het. Hy het vanaf die aankoopdatum hierdie woonstel aan sy broer verhuur. Hy het gedurende die 2018 jaar van aanslag 'n verlies van R19 888 ten opsigte van die uitverhuring van hierdie woonstel gely. Hy het ook gedurende die 2017 jaar van aanslag 'n verlies ten opsigte van die uitverhuring van hierdie woonstel gely.

Phumlani het 'n netto kapitaalwins van R100 000 gemaak ten opsigte van 'n bate wat buite die gemeenskaplike boedel val.

Phumlani het geen dividend- of rentedraende beleggings nie.

Precious het rente ten bedrae van R30 000 by 'n plaaslike Suid-Afrikaanse bank verdien.

## AANVANKLIKE TOETS VAN BEVOEGDHEID, JUNIE 2019

### PROFESSIONELE VRAESTEL 1

Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Beantwoord elke deel in 'n afsonderlike antwoordboek.

<b>VRAESTEL 1 DEEL I VERLANG</b>		<b>Punte</b>	
		<b>Sub-totaal</b>	<b>Totaal</b>
(a)	Bespreek die normale belastingimplikasies vir SA Solar ten opsigte van die verkoop van handelsvoorraad aan The Power Store vir die 2018 jaar van aanslag. Verwys na regspraakbeginsels.	5	5
(b)	Bespreek of SA Solar sou kwalifiseer as 'n kleinsakekorporasie en bereken die belasbare inkomste van SA Solar vir die 2018 jaar van aanslag, met die aanname dat die maatskappy wel as 'n kleinsakekorporasie kwalifiseer.  <ul style="list-style-type: none"> <li>• Begin met belasbare inkomste van R1 222 759.</li> <li>• Verstrek redes waar daar geen belastingimplikasies ten opsigte van 'n spesifieke item ontstaan nie.</li> </ul> <i>Kommunikasievaardighede – aanbieding; duidelike uitdrukkingswyse</i>	30	32
(c)	Bespreek die etiese bekommernisse wat jy moontlik ten opsigte van die gedrag van Phumlani, SA Solar se belastingpraktisyen en SA Solar mag hê. Sluit enige stappe wat die SAID teen enige van hierdie partye kan neem, in.  <i>Kommunikasievaardighede – toepaslike styl</i>	9	10
(d)	Bereken Phumlani se belasbare inkomste vir die 2018 jaar van aanslag. Verstrek redes waar daar geen belastingimplikasies ten opsigte van 'n spesifieke item ontstaan nie.	18	18
<b>Totaal vir deel I</b>			<b>65</b>

**AANVANKLIKE TOETS VAN BEVOEGDHEID, JUNIE 2019**  
**PROFESSIONELE VRAESTEL 1**

Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Beantwoord elke deel in 'n afsonderlike antwoordboek.

<b>VRAESTEL 1 DEEL II VERLANG</b>		<b>Punte</b>	
		<b>Sub-totaal</b>	<b>Totaal</b>
(e)	Berei, gebaseer op die inligting verstrek deur SA Solar se bestuursrekenmeester, die FJ2018 standaardkoste afwykingsverslag voor wat die berekening van die afwykings wat gedurende FJ2018 voorgekom het, aantoon. Waar grondstofverbruiks-(hoeveelheid-) afwykings as gevolg van dieselfde rede ontstaan het, mag 'n gekombineerde verbruksafwyking bereken word.  <i>Kommunikasievaardighede – aanbieding</i>	15 1	16
(f)	Bespreek krities die standaardkosteskedule in paragraaf 3 as 'n basis vir bepaling van die prys waarteen die sonpanele aan die kleinhandelmark bekend gestel behoort te word.  Geen berekeninge word verlang nie.  <i>Kommunikasievaardighede – logiese beredenering</i>	10 1	11
(g)	Bespreek die sleutel besigheidsrisiko's vir SA Solar met betrekking tot die vervaardiging en verkoop van sonpanele.	8	8
<b>Totaal vir deel II</b>			<b>35</b>
<b>TOTAAL VIR DIE VRAAG</b>			<b>100</b>